NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UK VAN DIE KONVENT VIR EENHEID WAT GEHOU IS OP 24 NOVEMBER 2003 BY DIE KWEEKSKOOL OP STELLENBOSCH OM 10:30

1. Opening

Die Voorsitter gee geleentheid aan die verskillende lede van die UK om hulleself voor te stel. Daarna lees hy uit Psalm 93 en Kolossense 1:15-20. Die vergadering verdeel in kleingroepe vir bespreking en gebed.

2. Konstituering

Die volgende persone woon die vergadering by:

VG Kerk: Peter Grove, Averell Rust, Themba Nyatyowa, Mary-Anne Plaatjies, Alfred Dyasi, Eddie Ngeva, Lukas Plaatjie en Daan Heyneman
NG Kerk (Oos-Kaap): Hansie Schutte, Chris van Wyk, Schalk du Toit en Danie Mouton
NG Kerk (Wes-Kaap): Hannes Koornhof, Coenie Burger, Braam Hanekom, Ben du Toit, Hannes Theron en Monty Sahd

3. Pad vorentoe en Finalisering van sakelys

Die Voorsitter gee geleentheid aan die verskillende sinodes verteenwoordig om hulle besluite rondom kerkeenheid en kerkhereniging met die vergadering te deel. Uit die terugvoer word dit duidelik dat die saak van kerkeenheid vir almal belangrik is. Die verskillende modelle wat op die tafel is, sal mooi bekyk moet word. Die kerkeenheidproses op Algemene Sinode vlak moet ook in ag geneem word.

Daar word ook geleentheid gegee aan lede van die UK om hulle hoop en frustrasies rondom kerkeenheid met mekaar te deel. Die volgende standpunte word duidelik:

- Die model hoef nie eers vasgestel te word alvorens die proses geloop word nie.
- Daar moet duidelikheid oor die visie, roeping en beginsels wees en dan kan die pad gestap word.
- Lidmate kan na die model gevra word en dan kan die teoloë die detail invul.
- Daar moet vasgestel word waaroor ons saamstem en dan kan die pad saam geloop word.
- Daar moet geleer word uit ander herenigingsprosesse.
- Die belangrikheid van vertroue moet beklemtoon word.
- Energie en entoesiasme vir die herenigingsproses moet herwin word.
- Dit moet 'n eenheid wees wat voortvloei uit 'n naderbeweeg aan God se hart en die waarheid van die evangelie. Die roeping van die kerk in die RSA moet dan duidelik uitgespel word.
- Die belangrikheid van eerlikheid en openheid in die proses word beklemtoon.

4. Notule 29 Mei 2002

4.1 Goedkeuring

Die notule word voorgehou en goedgekeur.

4.2 Sake uit die notule

4.2.1 Riglyne vir plaaslike konvente

Hierdie stuk is ontvang en moet by die volgende UK-vergadering van nader bekyk word.

4.2.2 Plaaslike Koördineringskomitees

Daar moet later duidelikheid gekry word oor die fokus en die proses wat gevolg moet word. CFN kan versoek word om name van persone uit die NG en VG Kerke te voorsien wat die verskillende prosesse sou kon help fasiliteer. Die UK bepaal die strategie.

4.2.3 Konvent Gauteng

Die UK neem kennis dat die konvent wel plaasgevind het.

4.2.4 Eietyds uitleg Belhar (Verslag Belhar-werkgroep)

Daar word van die enkele notas hieroor kennisgeneem.

4.2.5 Approbasie / besluitnemingsbevoegdheid? (Verslag Kerkregtelike taakgroep)

Hierdie saak staan oor. Die kerkregtelike taakgroep moet hieraan aandag gee.

4.2.6 Beskrywingspunt na Algemene Sinode NGK

Hierdie beskrywingspunt is aan die Algemene Sinode deurgestuur. Laasgenoemde het dit weer na die Konvent wat op die Algemene Sinode vlak sou plaasvind verwys.

4.2.7 Posisie van RCA en NG Kerk in Afrika

Die UK van die Konvent vir Eenheid

1. Oordeel dat die Konvent so inklusief as moontlik moet wees.
2. Neem kennis dat die NG Kerk in Afrika in Kaapland, nie ‘n sinodale streek vorm nie.
3. Neem verder kennis dat die ASK van die VGKerk nie op hierdie stadium by multi-laterale gesprekke betrokke wil raak nie.
4. Versoek die VGKerk om met hulle ASK hieroor in gesprek te tree.

4.2.8 Belydenisgrondslag van ‘n verenigde kerk (Moderators)

Hierdie gesprek het plaasgevind en ‘n gewysigde voorstel is by die sinode van Wes-Kaapland aanvaar.

4.2.9 Konvent 2003

Die Konvent het weens bepaalde redes nie plaasgevind nie.

4.2.10 Moontlike vergaderings van UK 4-11-2002

Hierdie vergadering het ook nie plaasgevind nie.

5. Vergadering 25 Augustus 2003

Die vergadering het besluit dat ‘n vergadering van die UK op 24 November 2003 moet plaasvind om die nodige reëlings vir ‘n konvent in 2003 te tref.

6. Wesland Eenheidsmodel

Die vergadering neem kennis van hierdie ooreenkoms.

7. Gesamentlike Sinode 2005?

Hierdie saak sal by die Konvent aandag geniet.

8. Belydenisgrondslag

Hierdie saak sal ook tydens die Konvent aandag geniet.

9. Proses wat gevolg moet word (Taakgroep?)

Sodanige taakgroep kan ook deur die Konvent saamgestel word.

10. Konvent 2004

10.1 Agenda

Die volgende sake moet op die agenda van die Konvent geplaas word:

Belydenisgrondslag; Eenheidsinode; Modelle vir kerkeenheid; Proses van Konvent na Eenheidsinode; Beginsels en waardes wat voortvloei uit stories en hoe hulle in strukture opgevang kan word; Verhoudingsbou; Ander strukture wat wil saamwerk; Saam sing, bid en rituele; Tydsraamwerk en Verklaring / Verbintenis / Getuienis

10.1 Uitkomste van Konvent

- Goeie besluit rondom Eenheidsinode
- Energie vir die eenheidproses ontwikkel
- Vordering rondom belydenisgrondslag

10.2 Studiestukke

Die stuk oor riglyne vir plaaslike konvente moet weer deur die UK bekyk word. Piet Naude (sameroeper), Dirkie Smit en Daan Cloete word versoek om voort te gaan met die stuk oor die eietydse uitleg van Belhar.

Hannes Theron (sameroeper), Schalk du Toit en Mary-Anne Plaatjies word versoek om aandag te gee aan die stuk oor die kerkregtelike aangeleenthede. Die stukke moet teen einde Februarie 2004 gereed wees vir bespreking.

10.3 Datum en Plek

22-24 Junie 2004. Die plek moet deur die skribas gefinaliseer word.

11. Volgende vergadering: Moderators sal die UK in kennis stel

12. Afsluiting

Peter Grove sluit die vergadering met gebed.

Voorsitter: ……

Skriba: ……

Datum: ……